

# Afgesonder

## Vir Kinders

LEEF TOT EER VAN GOD

Love God Greatly Afrikaans Joernaal

*AFGESONDER: LEEF TOT EER VAN GOD*

Kopiereg © 2024 deur Love God Greatly Bediening

Toestemming word verleen om hierdie dokument te druk en te herproduseer vir die doel om die *Afgesonder: Leef tot Eer van God* aanlyn Bybelstudie te voltooi. Moet asseblief nie hierdie dokument op enige manier verander nie. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in Dallas deur Love God Greatly.

Kaart ontwerp met hulpbronne van rawpixel.com / Freepik.

Bron vir inligting en data:
Joshua Project, joshuaproject.net/languages/spa, besoek Mei 2023.

AFRIKAANS

# ʻN WOORD AAN OUERS

Hierdie Bybelstudiegids is ontwerp sodat vroue God se Woord saam met hul kinders kan bestudeer. Hierdie studiegids is spesifiek ontwerp om saam met die *Afgesonder* studiegids gebruik te word.

Love God Greatly is toegewyd om God se Woord toeganklik te maak vir vroue en kinders reg oor die wêreld. Nou kan jy God se Woord deel met die kinders in jou lewe deur middel van hierdie studie wat uniek ontwerp is vir jong harte.

# WEEKLIKSE GIDS VIR OUERS

Hierdie gids word gevind op die eerste bladsy van elke week. Terwyl jy hierdie week die Bybel saam met jou kind lees, help hulle om die karakter van God en die weeklikse toepassing te verstaan. Jy kan hierdie aspekte gedurende die week met jou kind bespreek om hulle te help groei in hulle begrip van wie God is en wat dit beteken om vir Hom te leef.

# INHOUD

005 HANDLEIDING VIR OUERS
007 KEN HIERDIE WAARHEDE
009 HOOGTEPUNTE VAN DIE TAAL
010 INLEIDING
011 LEESPLAN
014 JOU DOELWITTE
015 WEEK 1
034 WEEK 2
053 WEEK 3
072 WEEK 4

# HOE OM GOEIE BYBELSTUDIEGEWOONTES VIR JOU KIND AAN TE LEER

## BID

Vra God om jou na die beste manier te lei om jou kind te nader oor Bybelstudie. Waarop sal jou kind die beste reageer op grond van wat hy of sy geniet?

### LEER HULLE OM TE BID

Gebed gaan oor ‘n verhouding met God, nie om die dinge te kry waarvoor ons vra nie. Help hulle om te verstaan dat gebed ‘n manier is om God te ken. Bid saam voordat julle met julle studie begin en as vrae tydens julle studie opkom. Nadat julle jul studie vir die dag voltooi het, vra God om julle te help om dít wat julle geleer het toe te pas. Laat jou kind met kort, eenvoudige gebede begin om die gewoonte aan te moedig.

## DOEN SAAM BYBELSTUDIE

Nooi jou kind om by jou aan te sluit en doen die studies saam. Maak dit ‘n spesiale tyd waarna jou kind kan uitsien, ‘n tyd van verbintenis met jou. Dit is ook verstaanbaar as julle nie altyd saam kan Bybelstudie doen nie.

### MOEDIG ONAFHANKLIKHEID AAN

Leer hulle hoe om die Bybelstudie op hulle eie te doen. Laat jou kind op sy of haar vlak deelneem. Dit sal hulle in staat stel om suksesvol op hul eie Bybelstudie te doen en hulle afhanklikheid van om altyd onderrig te word, verminder.

## BEVORDER GOEIE STUDIEGEWOONTES

Leer jou kind om na te dink oor wat hy of sy lees. Laat hulle vrae neerskryf en woorde onderstreep wat hulle nie verstaan nie. Leer hulle hoe om die antwoorde te vind deur ‘n volwassene te vra, dit in die Bybel of in ander hulpbronne op te soek, of om op ‘n betroubare webwerf met jou toesig te soek. Onthou, die antwoorde op vrae oor die Bybel word dikwels in die Bybel gevind. Help hulle om te ontdek hoe om hierdie antwoorde te vind.

### SKEP ‘N ROETINE

Besluit op ‘n vasgestelde tyd en spesifieke plek vir julle studie. Begin met realistiese verwagtinge, hetsy een keer per week, ‘n paar keer per week of elke dag. Moedig konsekwentheid en voltooiing aan, nie perfeksie nie.

### WEES ‘N VOORBEELD

Doen gereeld jou eie Bybelstudie en vertel vir jou kinders wat jy uit jou tyd saam met die Here leer. Praat met opgewondenheid oor jou eie Bybelstudie en wys vir hulle waarom dit belangrik is. Verduidelik aan hulle waarom jy besluit het om ‘ n spesifieke Bybelstudie te doen.

## PAS WAT JY GELEER HET TOE

Help jou kind om die waarhede wat hulle geleer het, met praktiese toepassing te verbind. Vra vrae, nie net oor die inhoud nie, maar hoe hulle anders kan optree op grond van wat hulle geleer het. Liedjies, kuns of handwerkaktiwiteite kan jou kind ook help om te onthou wat hulle geleer het.

## HOU DIT PRETTIG EN MOTIVEREND

Gebruik klein aansporings, soos plakkers of nuwe gekleurde potlode, om hulle betrokke en opgewonde te hou om die Bybel te bestudeer. Laat hulle met broers en susters, vriende of familielede deel wat hulle geskep of geleer het.

### WEES GEDULDIG

Volg 'n positiewe benadering, wetende dat sommige dae baie beter sal gaan as ander. Verwag 'n gemors, afleidings en selfs trane. Let op wat jou kind nodig het, en help hulle om aangespoor en betrokke te bly. Die doel is om hulle te leer van die God wat hulle liefhet en vir hulle gesterf het, nie vir ' n volmaakte Bybelstudietyd of 'n skoon kombuistafel nie.

**Lei en leer hulle in waarheid, en laat God hulle harte wen.**

## STUDIEWENKE VIR VERSKILLENDE OUDERDOMME:

### PRE-PRIMÊRE / VOORSKOOLSE FASE (4-6)

Beklemtoon 'n gedeelte van die SOAP-vers om op te fokus en 'n paar sleutelwoorde vir jou kleintjie om te kopieer. Laat jou kind hul gebed aan jou voordra terwyl jy dit neerskryf en bid dit dan saam.

### GRONDSLAGFASE (6-8)

As jou kind maklik ontmoedig word met skryf, moedig hom of haar aan om te teken wat hulle uit die verse geleer het en soveel besonderhede as moontlik in te voeg.

### PRIMÊRE FASE (8-10)

Moedig jou kind aan om die verse op te soek en dit onafhanklik te lees. Maak seker dat hulle weet hoe die Bybel uiteengesit is en hoe om boeke, hoofstukke en verse op te spoor. Oefen om die boeke van die Bybel te memoriseer.

### SEKONDÊRE / JONG TIENERFASE (10-12)

Laat jou kind toe om onafhanklik te werk, maar bly beskikbaar om vrae te beantwoord, te bespreek wat deur die week geleer is, en saam te bid.

# KEN HIERDIE WAARHEDE

## GOD HET JOU LIEF

God het ons almal lief! Hy gee so baie om vir jou dat Hy sy eie Seun gestuur het om vir jou en my sondes te betaal, sodat ons vir ewig saam met Hom kan lewe.

God se Woord sê: "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê." (Johannes 3:16).

## ONS SONDE SKEI ONS VAN GOD

Sonde is ongehoorsaamheid aan God. Ons almal sondig. God het ons geskep om in 'n verhouding met Hom te leef, maar ons sonde skei ons van Hom.

Ons is almal sondaars van nature en uit eie keuse, en daarom is ons geskei van God, wat heilig is. God se Woord sê, "Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie," (Romeine 3:23).

## JESUS HET GESTERF SODAT JY KAN LEWE

Ons weet dat wanneer ons nie na ons ouers of ander volwassenes luister nie, daar gevolge is. Ons mag dalk vir 'n ruk lank nie met ons gunsteling speelding kan speel nie, of nie by maatjies gaan kuier nie, of partykeer kan iemand seerkry as gevolg van ons ongehoorsaamheid.

Die ewige gevolg van ons sonde is die dood – vir altyd geskei van God. Maar God het 'n plan, Hy het sy Seun, Jesus, gestuur om vir ons sondes te betaal toe Hy aan die kruis gesterf het. Omdat Hy 'n volmaakte (sondelose) lewe gelei het, was Hy alleen in staat om die straf vir die sondes van die hele wêreld te betaal. Dit is God se gawe van verlossing, en dit is beskikbaar vir elkeen van ons.

God se Woord sê: "Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here." (Romeine 6:23); "Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was." (Romeine 5:8).

## JESUS LEEF!

Drie dae nadat Jesus gekruisig is en sy liggaam in die graf neergelê is, het Hy weer opgestaan en sonde en die dood vir ewig oorwin. Vandag bly Hy by God in die hemel en is besig om 'n plek voor te berei in die ewigheid vir elkeen wat in Hom glo.

Jesus sê: "In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as Ek gegaan

het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is." (Johannes 14:2-3).

## WEET JY KAN VERGEWE WORD

Daar is niks wat jy kan doen om jouself te red nie, maar die Goeie Nuus van die evangelie is dat Jesus jou kan red, en Hy het! Jy hoef net te glo dat jy 'n sondaar is en dat Jesus vir jou sondes gesterf het. Jy kan Hom vra om jou te vergewe en glo dat wat Hy vir jou aan die kruis gedoen het genoeg was om jou van die straf van sonde te red.

God se Woord sê: "As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered. " (Romeine 10:9–10).

## AANVAAR CHRISTUS SE GAWE VAN VERLOSSING

Hoe kan jy die gawe van verlossing aanvaar? Met 'n opregte hart kan jy 'n eenvoudige gebed soos hierdie bid:

Jesus,
Ek besef dat ek 'n sondaar is. Ek wil die liefde en vergifnis wat U vir my het, met ope arms aanneem. Vergewe my asseblief. Ek glo dat U vir my sondes gesterf en uit die dood opgestaan het. Ek gee my alles aan U oor en vra U om Here van my lewe te wees. Help my om die regte keuses te maak en U te volg. Leer my wat dit beteken om in vryheid te wandel terwyl ek onder U genade leef. Help my om te groei in u weë terwyl ek smag om U beter te leer ken.
Amen.

## BLY IN KONTAK EN GROEI

As jy hierdie gebed (of iets soortgelyks in jou eie woorde) gebid het, deel die goeie nuus van jou redding met jou ouers of 'n ander volwassene sodat hulle saam met jou kan bly wees!

As jy nie klaar deel van 'n plaaslike gemeente is nie, moedig ons jou aan om deel te word! As jy hulp nodig het om 'n gemeente in jou area te vind, vra 'n ouer om jou te help om 'n e-pos aan ons te stuur by info@lovegodgreatly.com.

# HOOGTEPUNTE VAN ONS WÊRELDWYE BEDIENING

## SPAANS

**HOEVEEL MENSE WÊRELDWYD PRAAT HIERDIE TAAL:**

447,386,000



# INLEIDING

Kyk julle ooit om julle rond en dink dat dit makliker sou wees om te maak soos al die ander, pleks van om te doen wat God sê ons moet doen? Dis moeilik om 'n lewe te kies wat God eer. Maar dit maak ons anders. Soos die wêreld om ons al verder van God af beweeg, moet ons lewens al minder soos die wêreld lyk omdat ons God liefhet.

Ek weet dis nie maklik nie. Sosiale media, televisie en selfs wat ons maats doen, is soos 'n sterk seestroom wat ons wil saamsleep. As ons nie kies om vas te hou aan die waarheid en wat God sê reg en verkeerd is nie, as ons maar net probeer saamgaan, kan ons ook saamgesleep word. Om te kies om anders te leef, is moeilik en dit vra dat ons moet optree.

As ons in Christus glo, weet ons dat hierdie wêreld nie ons tuiste is nie, maar ons moet die beste gebruik maak van die tyd wat ons hier is terwyl ons wag op ons opgestane Verlosser wat weer kom. Om so te lewe dat God vereer en na die wêreld weerkaats word, is hoe ons afgesonder vir God lewe. Ons wys na die rede vir ons krag, die rede vir ons hoop, en die rede waarom ons lewens anders lyk: om God te verheerlik.

*"Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie ... Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik." – Matteus 5:14-16*

Ons lewens moet soos ‘n stad bo-op ‘n berg skyn vir almal om te sien. ‘n Stad wat uitstaan teen die donker naghemel. ‘n Stad wat nie vir homself skyn nie maar uit liefde vir God. God is die rede waarom die stad die donker kan weerstaan en vir God afgesonder kan wees. En God is die rede waarom ons ook kan.

Ek weet dis donker, en ek weet die gety waarin ons is, is sterk, maar hou styf vas aan Jesus. Hy hou jou vas. Kies vandag om jou lig helder vir Jesus te laat skyn terwyl jy afgesonder lewe.

*Hemelse Vader, soos ons meer van U leer en hoe om afgesonder te lewe, laat ons ‘n lig wees vir die wêreld om ons.*

# LEESPLAN

## Week 1 / Geestelik Afgesonder

- ○ **Maandag / Maak God se Woord 'n Prioriteit**
  Lees: Josua 1:1–9
  SOAP: Josua 1:8
- ○ **Dinsdag / Oordink God se Woord**
  Lees: Psalm 1:1–6
  SOAP: Psalm 1:1–3
- ○ **Woensdag / Die Belangrikheid van Gebed**
  Lees: Filippense 4:4–7
  SOAP: Filippense 4:6–7
- ○ **Donderdag / Liefde, Kennis, Insig**
  Lees: Filippense 3:1-11
  SOAP: Filippense 3:9–11
- ○ **Vrydag / Beywer julle Allereers vir die Koninkryk van God**
  Lees: Matteus 6:25–34
  SOAP: Matteus 6:33

## Week 2 / Afgesonder in Ons Harte

- ○ **Maandag / Wees Lief vir God**
  Lees: Matteus 22:34–40
  SOAP: Matteus 22:37–38
- ○ **Dinsdag / Wees Lief vir Ander**
  Lees: Romeine 12:9–21
  SOAP: Romeine 12:9–10
- ○ **Woensdag / Wees Lief vir Mekaar**
  Lees: Johannes 13:34–35
  SOAP: Johannes 13:34–35
- ○ **Donderdag / Bewaak Jou Hart**
  Lees: Spreuke 4:20–27
  SOAP: Spreuke 4:23
- ○ **Vrydag / Liefde en Vergifnis**
  Lees: Kolossense 3:12–17
  SOAP: Kolossense 3:12–13

## Week 3 / Afgesonder in ons Gedagtes

- ○ **Maandag / Vernuwe Denke**
  Lees: Romeine 12:1–2
  SOAP: Romeine 12:1–2
- ○ **Dinsdag / Die Belangrikheid van Wysheid**
  Lees: Spreuke 4:1–19
  SOAP: Spreuke 4:6–7
- ○ **Woensdag / Vertrou op die Here**
  Lees: Spreuke 3:5–6
  SOAP: Spreuke 3:5–6
- ○ **Donderdag / Nuut in Christus**
  Lees: Efesiërs 4:17–24
  SOAP: Efesiërs 4:22–24
- ○ **Vrydag / Moenie Bang Wees Nie**
  Lees: Jesaja 41:10
  SOAP: Jesaja 41:10

## Week 4 / Afgesonder in ons Liggame

- ○ **Maandag / Dien Ander**
  Lees: Markus 10:42–45
  SOAP: Markus 10:45
- ○ **Dinsdag / Bly in Liefde By die Waarheid**
  Lees: Efesiërs 4:14–16
  SOAP: Efesiërs 4:15
- ○ **Woensdag / Volg God se Voorbeeld**
  Lees: Efesiërs 5:1–5
  SOAP: Efesiërs 5:1–3
- ○ **Donderdag / Wonderbaarlik Geskape**
  Lees: Psalm 139:13-16
  SOAP: Psalm 139:14
- ○ **Vrydag / Ons Liggame is 'n Tempel**
  Lees: 1 Korintiërs 6:12–20
  SOAP: 1 Korintiërs 6:19–20

# JOU DOELWITTE

Skryf drie doelwitte neer waarop jy graag wil fokus elke dag wanneer jy God se Woord bestudeer. Maak seker dat jy gedurende die volgende paar weke terugverwys na hierdie doelwitte om jou te help om gefokus te bly. Jy kan dit doen!

1.

2.

3.

# WEEK 1

## OUERHOEKIE

**MEMORISEERVERS:**

Filippense 1:9-11

**KARAKTER VAN GOD:**

God is heilig

**KERNBOODSKAP:**

God is heilig en ons, as sy volk, word geroep om anders te wees as die wêreld sodat ons Hom kan verheerlik.

**WEEKLIKSE TOEPASSING:**

Fokus eerste op God en maak dit 'n prioriteit om tyd saam met Hom deur te bring.

## GEBED

Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.

## WEEK 1

OOK BID EK DAT JULLE
LIEFDE AL HOE MEER SAL
TOENEEM IN BEGRIP EN
FYN AANVOELING, SODAT
JULLE DIE DINGE SAL KAN
ONDERSKEI WAAROP DIT
WERKLIK AANKOM. DAN
SAL JULLE OP DIE DAG
WANNEER CHRISTUS KOM,
ONBERISPELIK EN SONDER
BLAAM WEES, EN DEUR
JESUS CHRISTUS SAL
JULLE GEHEEL EN AL IN
DIE REGTE VERHOUDING
MET GOD WEES, TOT
SY LOF EN EER.

FILIPPENSE 1:9-11

# MAANDAG - WEEK 1

## LEES

**Josua 1:1–9**

Na die dood van Moses, die dienaar van die Here, het die
Here vir Josua, seun van Nun en assistent van Moses, gesê:
2 "Moses my dienaar is dood. Maak jy nou gereed en trek
deur die Jordaanrivier, jy en hierdie hele volk. Gaan na die
land toe wat Ek aan hulle, die Israeliete, gee. 3 Soos Ek vir
Moses gesê het, gee Ek aan julle elke plek waar julle kom: 4
van die woestyn af en van die Libanon af tot aan die groot
rivier, die Eufraat, die hele gebied van die Hetiete tot aan
die Groot See in die weste, alles sal julle woongebied wees.
5 "Solank jy lewe, sal niemand bestand wees teen jou nie.
Soos Ek by Moses was, so sal Ek by jou wees. Ek sal jou nie
in die steek laat nie, jou nie verlaat nie. 6 Wees sterk, wees
vasberade, want jy moet hierdie volk die land in besit laat
neem wat Ek met 'n eed aan julle voorvaders beloof het.
7 "Wees veral sterk en baie vasberade in die uitvoering
van die wet wat my dienaar Moses jou beveel het. Moet
daarvan nie links of regs afwyk nie. Dan sal jy voorspoedig
wees, waar jy ook al gaan. 8 Hierdie wetboek moet die
rigsnoer wees vir alles wat jy sê. Oordink dit dag en nag
en sorg dat jy alles uitvoer wat daarin geskryf staan. Dan
sal jy slaag in wat jy moet doen, jy sal voorspoedig wees. 9
Ek self gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade.
Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here
jou God, is by jou oral waar jy gaan."

# MAANDAG - WEEK 1

**Lees: Josua 1:1–9**

**SOAP: Josua 1:8**

8 Hierdie wetboek moet die rigsnoer wees vir alles wat jy sê. Oordink dit dag en nag en sorg dat jy alles uitvoer wat daarin geskryf staan. Dan sal jy slaag in wat jy moet doen, jy sal voorspoedig wees.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

# DINSDAG - WEEK 1

## LEES

**Psalm 1:1–6**

Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van goddeloses volg nie, nie met sondaars omgaan en met ligsinniges saamspan nie, 2 maar wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink. 3 Hy is soos ‘n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak. 4 So is die goddeloses nie. Hulle is soos kaf wat deur die wind uitmekaar gewaai word. 5 Daarom sal goddeloses hulle nie kan handhaaf wanneer die Here oor hulle oordeel nie en sondaars nie ‘n plek hê in die vergadering van regverdiges nie. 6 Waarlik, die Here lei die regverdiges op hulle pad, maar die pad van die goddeloses lei tot ondergang.

# DINSDAG - WEEK 1

**Lees: Psalm 1:1–6**

**SOAP: Psalm 1:1–3**

Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van goddeloses volg nie, nie met sondaars omgaan en met ligsinniges saamspan nie, 2 maar wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink. 3 Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

# LEES

**Filippense 4:4-7**

Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly! 5 Wees inskiklik teenoor alle mense. Die Here is naby. 6 Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. 7 En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.

# WOENSDAG - WEEK 1

**Lees: Filippense 4:4–7**

**SOAP: Filippense 4:6–7**

6 Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. 7 En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

# DONDERDAG - WEEK 1

## LEES

**Filippense 3:1–11**

Verder, my broers, wees bly in die Here! Om dieselfde dinge aan julle te skrywe, is vir my nie moeite nie, en vir julle gee dit sekerheid. 2 Pas op vir daardie dwaalleraars; pas op vir daardie mense wat kwaad stig; pas op vir daardie betekenislose besnydenis! 3 Ons het die ware besnydenis, óns wat God deur sy Gees dien, óns wat ons op Christus Jesus beroem en nie op uiterlike dinge vertrou nie. 4 Tog sou ek ook op uiterlike dinge kon vertrou. As iemand meen dat hy op uiterlike dinge kan vertrou, ek nog meer: 5 ek is op die agste dag besny, van geboorte 'n Israeliet, uit die stam Benjamin, 'n egte Hebreër, in wetsopvatting was ek 'n Fariseër, 6 in my ywer 'n vervolger van die kerk, in onderhouding van die wet van Moses om vryspraak te kry, onberispelik. 7 Maar wat eers vir my 'n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus, 8 ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde. Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry 9 en een met Hom kan wees: vrygespreek, nie omdat ek die wet onderhou nie, maar omdat ek in Christus glo. Dit is die vryspraak wat God gee omdat 'n mens in Hom glo. 10 Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, 11 in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood.

# DONDERDAG - WEEK 1

**Lees: Filippense 3:1-11**

**SOAP: Filippense 3:9–11**

9 en een met Hom kan wees: vrygespreek, nie
omdat ek die wet onderhou nie, maar omdat ek in
Christus glo. Dit is die vryspraak wat God gee omdat
‘n mens in Hom glo. 10 Al wat ek wens, is om Christus
te ken, die krag van sy opstanding te ondervind
en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te
word in sy dood, 11 in die verwagting dat ek self
deel sal hê aan die opstanding uit die dood.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

# VRYDAG - WEEK 1

## LEES

**Matteus 6:25-34**

Daarom sê Ek vir julle: Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet of drink nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie. Is die lewe nie belangriker as kos en die liggaam as klere nie? 26 Kyk na die wilde voëls: hulle saai nie en hulle oes nie en hulle maak nie in skure bymekaar nie; julle hemelse Vader sorg vir hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie? 27 Trouens, wie van julle kan deur hom te bekommer sy lewe met een enkele uur verleng? 28 En wat bekommer julle julle oor klere? Let op hoe groei die veldlelies: hulle swoeg nie en hulle maak nie klere nie. 29 Maar Ek sê vir julle: Selfs Salomo in al sy prag was nie geklee soos een van hulle nie. 30 As God dan die gras van die veld, wat vandag nog daar is en môre verbrand word, so versier, hoeveel te meer sal Hy dan nie vir julle sorg nie, julle kleingelowiges? 31 "Julle moet julle dus nie bekommer en vra: 'Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?' nie. 32 Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het. 33 Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.

34 "Moet julle dus nie oor môre bekommer nie, want môre bring sy eie bekommernis. Elke dag bring genoeg moeilikheid van sy eie."

# VRYDAG - WEEK 1

**Lees: Matteus 6:25–34**

**SOAP: Matteus 6:33**

33 Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

# HIERDIE WEEK HET EK GELEER...

Gebruik die spasie hier onder om 'n prentjie te teken of te skryf
oor wat jy hierdie week uit God se Woord geleer het.

**Waarom is dit belangrik om te oefen om oor God se Woord na te dink en om die gewoonte te hê om elke dag te bid?**

EK IS DANKBAAR VIR:

# WEEK 2

## OUERHOEKIE

**MEMORISEERVERS:**

Romeine 12:9–10

**KARAKTER VAN GOD:**

God is liefde

**KERNBOODSKAP:**

God het ons lief, en ons moet ander liefhê en vergewe soos Hy ons eerste liefgehad en vergewe het.

**WEEKLIKSE TOEPASSING:**

Leef anders in liefde deur ander lief te hê en te vergewe wanneer hulle jou seermaak.

## GEBED

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEK 2

# DIE LIEFDE MOET OPREG WEES. VERAFSKU WAT SLEG IS EN HOU VAS AAN WAT GOED IS. BETOON HARTELIKE BROEDERLIEFDE TEENOOR MEKAAR; BEWYS EERBIED TEENOOR MEKAAR EN WEES MEKAAR DAARIN TOT VOORBEELD.

ROMEINE12:9-10

# MAANDAG - WEEK 2

## LEES

**Matteus 22:34-40**

Toe die Fariseërs hoor dat Jesus die Sadduseërs die mond gesnoer het, het hulle bymekaargekom, 35 en een van hulle, 'n wetgeleerde, het Hom met 'n vraag probeer vastrek. 36 "Meneer," vra hy, "wat is die grootste gebod in die wet?" 37 Jesus antwoord hom: " 'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand. 38 Dit is die grootste en die eerste gebod. 39 En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' 40 In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat."

# MAANDAG - WEEK 2

**Lees: Matteus 22:34–40**

**SOAP: Matteus 22:37–38**

37 Jesus antwoord hom: " 'Jy moet die Here jou God
liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met
jou hele verstand. 38 Dit is die grootste en die eerste
gebod.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

# DINSDAG - WEEK 2

## LEES

**Romeine 12:9-21**

Die liefde moet opreg wees. Verafsku wat sleg is en hou vas aan wat goed is.10 Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; bewys eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld. 11 Moenie in julle toewyding verslap nie, bly altyd geesdriftig, dien die Here.12 Verbly julle in die hoop; staan vas in verdrukking; volhard in gebed. 13 Help die medegelowiges

in hulle nood en lê julle toe op gasvryheid. 14 Seën julle vervolgers, ja, seën hulle, moet hulle nie vervloek nie. 15 Wees bly saam met dié wat bly is en treur saam met dié wat treur. 16 Wees eensgesind onder mekaar. Moenie hooghartig wees nie, maar skaar julle by die nederiges.

Moenie eiewys wees nie. 17 Moenie kwaad met kwaad vergeld nie. Wees goedgesind teenoor alle mense. 18 As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense.

19 Moenie self wraak neem nie, geliefdes, maar laat dit oor aan die oordeel van God. Daar staan immers geskrywe: "Dit is mý reg om te straf; Ék sal vergeld," sê die Here. 20 "As jou vyand honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te drink; want deur dit te doen, maak jy hom vuurrooi van skaamte." 21 Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie,

maar oorwin die kwaad deur die goeie.

# DINSDAG - WEEK 2

**Lees: Romeine 12:9–21**

**SOAP: Romeine 12:9–10**

Die liefde moet opreg wees. Verafsku wat sleg is en hou vas aan wat goed is.10 Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; bewys eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

# WOENSDAG - WEEK 2

## LEES

**Johannes 13:34-35**

Ek gee julle ‘n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. 35 As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is.”

# WOENSDAG - WEEK 2

**Lees: Johannes 13:34–35**

**SOAP: Johannes 13:34–35**

Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. 35 As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is."

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

# DONDERDAG - WEEK 2

## LEES

**Spreuke 4:20-27**

My seun, hoor wat ek vir jou sê, luister goed na my woorde!
21 Moet dit nie vergeet nie, hou dit altyd in gedagte, 22
want dit beteken lewe vir dié wat daarna luister, ‘n volle
lewe vir hom wat dit besit. 23 Wees veral versigtig met wat
in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe. 24
Weerhou jou van leuens, moenie mense mislei nie. 25 Hou
jou oë op die pad vorentoe, kyk reg voor jou uit. 26 Baken
jou koers af, dan sal jy seker wees van elke tree. 27 Moenie
links of regs wegdraai nie, weerhou jou van die verkeerde
koers.

# DONDERDAG - WEEK 2

**Lees: Spreuke 4:20–27**

**SOAP: Spreuke 4:23**

23 Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan,
want dit bepaal jou hele lewe.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

# VRYDAG - WEEK 2

## LEES

**Kolossense 3:12-17**

Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie liefhet. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. 13 Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe. 14 Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind. 15 En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. God het julle immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe. Wees altyd dankbaar. 16 Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing. 17 En wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.

# VRYDAG - WEEK 2

**Lees: Kolossense 3:12–17**

**SOAP: Kolossense 3:12–13**

Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie liefhet. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. 13 Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

# HIERDIE WEEK HET EK GELEER...

Gebruik die spasie hier onder om 'n prentjie te teken of te skryf
oor wat jy hierdie week uit God se Woord geleer het.

**Wat kan jy doen om doelbewus liefde aan iemand in jou lewe te wys?**

**EK IS DANKBAAR VIR:**

WEEK 3

## OUERHOEKIE

**MEMORISEERVERS:**

Romeine 12:1-2

**KARAKTER VAN GOD:**

God is wys

**KERNBOODSKAP:**

Ons gedagtes moet anders wees. Dit word moontlik deur van God te leer en oor goeie dinge na te dink.

**WEEKLIKSE TOEPASSING:**

Laat slegs goeie dinge by jou gedagtes in deur noukeurig te let op waarna jy op televisie kyk, waarna jy luister en waaroor jy praat.

# GEBED

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEK 3

EN NOU DOEN EK 'N BEROEP OP JULLE, BROERS, OP GROND VAN DIE GROOT ONTFERMING VAN GOD: GEE JULLESELF AAN GOD AS LEWENDE EN HEILIGE OFFERS WAT VIR HOM AANNEEMLIK IS. DIT IS DIE WESENLIKE VAN DIE GODSDIENS WAT JULLE MOET BEOEFEN. JULLE MOENIE AAN HIERDIE SONDIGE WÊRELD GELYK WORD NIE, MAAR LAAT GOD JULLE VERANDER DEUR JULLE DENKE TE VERNUWE. DAN SAL JULLE OOK KAN ONDERSKEI WAT DIE WIL VAN GOD IS, WAT VIR HOM GOED EN AANNEEMLIK EN VOLMAAK IS.

ROMEINE 12:1-2

# MAANDAG - WEEK 3

## LEES

**Romeine 12:1-2**

En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen. 2 Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.

# MAANDAG - WEEK 3

**Lees: Romeine 12:1–2**

**SOAP: Romeine 12:1–2**

En nou doen ek ‘n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen. 2 Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

# DINSDAG - WEEK 3

## LEES

**Spreuke 4:1-9**

Kinders, neem die opvoeding wat 'n vader julle gee, ter harte; slaan daarop ag, sodat julle kan leer wat insig is, 2 want wat ek julle leer, is goed; moenie die onderrig wat ek gee, versmaai nie. 3 Ek was ook eenkeer 'n kind, my moeder se oogappel, haar enigste. 4 My vader het my toe ook geleer en vir my gesê: "Wat ek jou sê, moet jy vashou, my voorskrifte moet jy uitvoer, sodat jy werklik kan lewe. 5 Sorg dat jy wysheid bekom, en insig! Moenie my woorde vergeet en daarvan afwyk nie; 6 maak die wysheid jou metgesel, dit sal jou beskerm; as jy dit liefhet, sal dit jou veilig bewaar. 7 Die wysheid kom eerste. Sorg dat jy wysheid bekom, gee alles wat jy het, om insig te kry! 8 Slaan dit hoog aan, dan sal dit aan jou aansien gee. Dit sal jou 'n man van betekenis maak as jy dit vasgryp. 9 Dit sal jou lewe versier, dit sal vir jou 'n sierlike kroon wees." 10 Luister, my seun, en aanvaar wat ek jou sê; dit sal jou lewensjare baie maak. 11 Ek sal jou leer wat die pad van die wysheid is en jou die regte koers laat loop. 12 As jy loop, sal daar niks in jou pad wees nie, en as jy hardloop, sal jy nie struikel nie. 13 Hou vas aan wat ek jou leer, moet dit nie laat los nie; bly daarby, want dit is jou lewe. 14 Moenie agter die goddeloses aanloop nie, vermy die pad van slegte mense. 15 Los dit, moenie daarop loop nie, draai weg, vermy die slegte mense; 16 hulle kan nie slaap as hulle nie kwaad gedoen het nie; hulle lê wakker as hulle nie iemand se ondergang bewerk het nie. 17 Misdaad is hulle kos, geweld hulle drank. 18 Die pad van die regverdiges is soos helder oggendlig wat groei en sterker word tot dit heeltemal dag is; 19 die pad van die goddeloses is soos die donker: hulle weet nie waaroor hulle sal struikel nie.

# DINSDAG - WEEK 3

**Lees: Spreuke 4:1–19**

**SOAP: Spreuke 4:6–7**

6 maak die wysheid jou metgesel, dit sal jou
beskerm; as jy dit liefhet, sal dit jou veilig bewaar. 7
Die wysheid kom eerste. Sorg dat jy wysheid bekom,
gee alles wat jy het, om insig te kry!

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

# WOENSDAG - WEEK 3

## LEES

**Spreuke 3:5-6**

Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie. 6 Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.

# WOENSDAG - WEEK 3

**Lees: Spreuke 3:5–6**

**SOAP: Spreuke 3:5–6**

Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie. 6 Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

# DONDERDAG - WEEK 3

## LEES

**Efesiërs 4:17-24**

In die Naam van die Here doen ek ‘n ernstige beroep op julle: Moenie langer soos heidene lewe nie. Hulle gedagtes lei tot niks, 18 hulle verstand is verduister, en hulle het geen deel aan die lewe wat God skenk nie, omdat hulle hardnekkig in hulle onkunde volhard. 19 Hulle het heeltemal afgestomp geraak en hulle met ‘n onversadigbare drang aan losbandigheid oorgegee om al wat vuil is, te doen. 20 Maar dit is nie hoe julle Christus leer ken het nie. 21 Julle het tog van Hom gehoor, en omdat julle sy volgelinge is, is julle onderrig volgens die waarheid wat in Jesus is. 22 Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word. 23 Julle gees en gedagtes moet nuut word; 24 lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig.

# DONDERDAG - WEEK 3

**Lees: Efesiërs 4:17–24**

**SOAP: Efesiërs 4:22–24**

22 Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe
het; breek met die ou, sondige mens in julle wat
deur sondige begeertes verteer word. 23 Julle gees
en gedagtes moet nuut word; 24 lewe as nuwe
mense wat as die beeld van God geskep is: lewe
volkome volgens die wil van God en wees heilig.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

# VRYDAG - WEEK 3

## LEES

**Jesaja 41:10**

Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou.

# VRYDAG - WEEK 3

**Lees: Jesaja 41:10**

**SOAP: Jesaja 41:10**

Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

# HIERDIE WEEK HET EK GELEER...

Gebruik die spasie hier onder om 'n prentjie te teken of te skryf
oor wat jy hierdie week uit God se Woord geleer het.

**Wat beteken dit om “jou denke te vernuwe” met God se Woord? Wat is ‘n praktiese stap wat jy kan neem om dit te doen?**

EK IS DANKBAAR VIR:

WEEK 4

## OUERHOEKIE

**MEMORISEERVERS:**

1 Korintiërs 6:19-20

**KARAKTER VAN GOD:**

Jesus het ons gedien.

**KERNBOODSKAP:**

Ons liggame is 'n spesiale plek waar God woon. Ons kan eer aan God bring deur mooi na ons liggame om te sien.

**WEEKLIKSE TOEPASSING:**

Versorg jou liggaam hierdie week deur genoeg slaap in te kry, te bad of stort en gesonde kos te eet.

# GEBED

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEK 4

OF BESEF JULLE NIE DAT JULLE LIGGAAM 'N TEMPEL VAN DIE HEILIGE GEES IS NIE? JULLE HET DIE HEILIGE GEES, WAT IN JULLE WOON, VAN GOD ONTVANG, EN JULLE BEHOORT NIE AAN JULLESELF NIE: JULLE IS GEKOOP, EN DIE PRYS IS BETAAL. JULLE MOET GOD DUS IN JULLE LIGGAAM VERHEERLIK.

1 KORINTIËRS 6:19-20

# MAANDAG - WEEK 4

## LEES

**Markus 10:42-45**

Jesus roep hulle toe nader en sê vir hulle: "Julle weet dat dit by die nasies so is dat hulle sogenaamde regeerders oor hulle baasspeel en dat hulle groot manne die mag oor hulle misbruik. 43 Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; 44 en elkeen onder julle wat die eerste wil wees, moet julle almal se dienaar wees. 45 Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense."

# MAANDAG - WEEK 4

**Lees: Markus 10:42–45**

**SOAP: Markus 10:45**

45 Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense."

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

# DINSDAG - WEEK 4

## LEES

**Efesiërs 4:14-16**

Dan sal ons nie meer kinders wees nie; ons sal nie meer soos golwe op en af en heen en weer geslinger word deur elke wind van dwaalleer as vals leraars ons met hulle slinksheid en listigheid op dwaalweë wil wegvoer nie. 15 Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die hoof, 16 en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

# DINSDAG - WEEK 4

**Lees: Efesiërs 4:14–16**

**SOAP: Efesiërs 4:15**

15 Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die hoof,

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

# WOENSDAG - WEEK 4

## LEES

**Efesiërs 5:1-5**

Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet, moet julle sy voorbeeld volg. 2 Lewe in liefde, soos Christus ons ook liefgehad en om ons ontwil sy lewe as 'n offergawe gegee het, ja, 'n offer wat vir God aanneemlik was. 3 Soos dit gelowiges betaam, moet daar van ontug, onsedelikheid in enige vorm, of gierigheid onder julle selfs geen sprake wees nie. 4 Growwe, ligsinnige of vuil praatjies pas nie by julle nie; nee, dank aan God pas by julle. 5 Dít moet julle goed besef: iemand wat ontug pleeg, onsedelik lewe of 'n gierigaard is – want gierigheid is afgodery – het nie deel aan die koninkryk van Christus en van God nie.

# WOENSDAG - WEEK 4

**Lees: Efesiërs 5:1–5**

**SOAP: Efesiërs 5:1–3**

Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet, moet julle sy voorbeeld volg. 2 Lewe in liefde, soos Christus ons ook liefgehad en om ons ontwil sy lewe as 'n offergawe gegee het, ja, 'n offer wat vir God aanneemlik was. 3 Soos dit gelowiges betaam, moet daar van ontug, onsedelikheid in enige vorm, of gierigheid onder julle selfs geen sprake wees nie.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

# DONDERDAG - WEEK 4

## LEES

**Psalm 139:14**

Ek wil U loof, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep. Wat U gedoen het, vervul my met verwondering.

# DONDERDAG - WEEK 4

**Lees: Psalm 139:14**

**SOAP: Psalm 139:14**

Ek wil U loof, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep. Wat U gedoen het, vervul my met verwondering.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

# VRYDAG - WEEK 4

## LEES

**1 Korintiërs 6:12-20**

Daar is mense wat sê: "Alles is my geoorloof." Ja, maar nie
alles is heilsaam nie. "Alles is my geoorloof," sê hulle. Ja,
maar ek gaan my nie deur enigiets laat verslaaf nie. 13
Hulle sê ook:

"Kos is vir die maag, en die maag vir kos." Goed, maar God
sal die een sowel as die ander tot niet maak. 'n Mens se
liggaam is nie bedoel vir seksuele losbandigheid nie, maar
is daar vir die Here, wat ook oor ons liggaam Here is. 14
God het deur sy krag die Here uit die dood opgewek en so
sal Hy ons ook opwek. 15 Weet julle nie dat julle liggaam
deel is van Christus nie? Sal ek nou 'n deel van Christus
neem en dit 'n deel van 'n ontugtige vrou maak? Beslis
nie! 16 Of weet julle nie dat iemand wat met 'n ontugtige
vrou omgang het, liggaamlik een met haar is nie? God sê
immers: "Die twee sal een word." 17 Maar wie hom met
die Here verenig, is geestelik een met Hom. 18 Julle moet
niks met seksuele losbandigheid te doen hê nie. Elke ander
sonde wat 'n mens doen, vind buite sy liggaam plaas,
maar iemand wat seksueel losbandig lewe, vergryp hom
aan sy eie liggaam. 19 Of besef julle nie dat julle liggaam
'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige
Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort
nie aan julleself nie: 20 julle is gekoop, en die prys is betaal.
Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik.

# VRYDAG - WEEK 4

**Lees: 1 Korintiërs 6:12–20**

**SOAP: 1 Korintiërs 6:19–20**

19 Of besef julle nie dat julle liggaam ‘n tempel van
die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees,
wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort
nie aan julleself nie: 20 julle is gekoop, en die
prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam
verheerlik.

Skryf die SOAP verse hier onder neer:

Teken of skryf iets wat jy uit hierdie verse geleer het:

Skryf jou gebed vir vandag neer:

# HIERDIE WEEK HET EK GELEER...

Gebruik die spasie hier onder om 'n prentjie te teken of te skryf
oor wat jy hierdie week uit God se Woord geleer het.

**Op watter maniere kan jy 'n nabootser van God wees, deur sy liefde en genade aan ander te demonstreer?**

**EK IS DANKBAAR VIR:**